FUNDAMENTAL PLAY THERAPY

SPECIALISED
PLAY & TRAUMA
THERAPY
With Heart and Soul

# Liewe ouers/voogde

- *Moenie my bederf nie. Ek weet maar te goed dat ek nie alles mag kry waarvoor ek vra nie - ek toets julle net.*
- *Moenie bang wees om ferm teen my op te tree nie, ek verkies dit; dit gee my sekuriteit.*




- *Moenie dat ek slegte gewoontes aanleer nie. Ek moet op julle staat maak om dit vroegtydig uit te wys.*
- *Moenie my kleiner laat voel as wat ek is nie; dit sal my net onnodig "groot" laat optree.*
- *Moenie my voor ander reghelp nie; ek sal baie meer aandag daaraan gee as julle dit eenkant en alleen doen.*
- *Moenie my laat voel dat al my foute sondes is nie; dit gooi my gevoel vir waardes heeltemal deurmekaar en laat my onseker voel.*
- *Moenie my beskerm teen gevolge nie; soms moet ek op die harde manier leer.*
- *Moenie kwaad word wanneer ek sê "ek haat julle" nie. Ek haat julle nie, net jul vermoë om my te dwarsboom.*

- *Moenie te veel aandag gee aan my klagtes nie; soms kry ek juis daardeur die aandag wat ek soek.*
- *Moenie aan my torring nie; as julle aanhou, sal ek myself moet beskerm deur my doof te hou;*

- *Moenie oorhaastige beloftes maak nie. Onthou dat ek baie afgehaal voel wanneer julle jul beloftes verbreek.*
- *Moenie vergeet dat ek myself nie altyd so duidelik uitdruk nie-dit is hoekom ek soms nie die kol tref nie.*
- *Moenie te veel eerlikheid van my verwag nie. Ek word maklik bang en dan vertel ek leuns.*
- *Moenie 'n dubbele standard toepas nie-dit maak my heel deurmekaar en ek verloor dan net my vertroue in julle.*
- *Moenie my wegwys wanneer ek vrae vra nie; as julle dit doen, sal julle agterkom dat ek ophou vrae vra, en my inligting elders sal gaan soek.*
- *Moenie my vertel my vrese is ongegrond nie; vir my is hulle werklik en julle kan baie doen deur dit net te probeer verstaan.*
- *Moenie probeer voorgee julle is onfeilbaar en volmaak nie, dit is vir my 'n groot skok as ek agterkom julle is dit nie.*
- *Moenie dink dit is benede jul waardigheid om my omverskoning te vra nie; 'n earlike benadering dwing respek by my af.*
- *Moenie vergeet hoe vining ek groei nie. Dit moet vir julle baie moeilik wees om altyd tred te hou, maar probeer asseblief hard!*
- *Moenie vergeet dat ek daarvan hou om met die lewe te eksperimenteer nie; daarsonder kan ek nie vorder nie.*
- *Moenie vergeet dat ek nie kan vooruitgaan sonder volop liefde en begrip van julle kant af nie-maar DIT hoef ek seker nie te sê nie?*

## SPELTERAPIE MET HART EN SIEL

**(Indien jy enige navrae het, kontak ons gerus)**

Vriendelinke groete, Van die Speelkamer


**Liesl (Graham) van der Sandt**
Play Therapy & Child Trauma Practice
with 20 Years experience
066 285 9522
liesl@fundamentalplaytherapy.co.za
liesl.sandt@gmail.com
Lombardy Business Park, Unit 97, Block 6,
c/o Cole & Graham (Lynnwood) Rd
Social Worker in Private Practice
PR Nr: 0058149 Council Nr: 10-19420

**Melinda van der Merwe**
Social Worker with special interest
in Play Therapy
083 263 5460
melinda@fundamentalplaytherapy.co.za
admin@fundamentalplaytherapy.co.za
Lombardy Business Park, Unit 97, Block 6,
c/o Cole & Graham (Lynnwood) Rd
Council Nr: 10-48623